


Maak jou eie donkietoevlugsoord pamflet

Taak

Maak jou eie pamflet deur die onderstaande instruksies versigtig te volg.
Maak seker jy het die volgende byderhand:

- papier
- liniaal
- skêr
- kryt
- potlood
- uitveër



1. Plaas die vel papier regop op jou tafel. Begin links bo-aan jou blad. Teken 'n reghoek deur 'n lyn van 20 cm met jou liniaal dwarsoor jou blad en 'n lyn van 24 cm afwaarts op die blad te trek. Teken nog twee lyne om die reghoek te voltooi. Sny jou reghoek uit.
2. Vou jou stuk papier in die helfte sodat die pamfletgrootte nou 24 cm lank en 10 cm breed is. Jy het nou 'n smal voorblad, 'n agterblad en 'n groot middelgedeelte. Jy het altesaam drie gedeeltes.
3. Voorblad: Skryf die **naam** van jou toevlugsoord neer en teken 'n **prentjie** van jou keuse van donkies op die voorblad.
4. Agterblad: Teken nou jou eie **patroon** aan die linkerrand van die papier op die agterblad. Dit moet 2 cm wyd wees. Skryf kort sinne met **inligting** oor donkies wat jy onthou op die res van die bladsy, byvoorbeeld:

Donkies hou daarvan om te eet.

Donkies het nodig.

Middelgedeelte van pamflet

A. Randpatroon


1. Maak seker jou advertensie is nou oop en lê plat op jou tafel. Teken 'n 2 cm randlyn om die hele bladsy.
2. Verdeel die linker en regter randlyne in 6 cm gedeeltes.
3. Teken dieselfde patroon wat op bladsy 2 is (die 6 cm gedeeltes) oor. Elke gedeelte moet al drie vorms insluit.
4. Kleur die boonste en onderste rand met dieselfde kleur in.

Maak jou eie donkietoevlugsoord pamflet

Mini projek vervolg

Middelgedeelte van pamflet

A. Randpatroon



Die kruisteken is vir die kruis op sommige donkies se rûe.

Die driehoek en sirkel is vir die donkie se pragtige oë.

Die reghoek is vir die donkiekampie met 'n skuiling en 'n watertrog.

B. Uitnodiging

1. Teken 'n reghoek 2 cm van die borand en die twee syrande af. Dit moet 12 cm wyd en 8 cm lank wees. Die middel van die reghoek moet op die vou van jou papier wees.
2. Teken die prentjie regs op die linkerhelfte van jou vierkant. Voltooi die prent deur die ander helfte te teken soos 'n spieëlbeeld. Kleur dit in.
3. Skryf 'n uitnodiging onder die prent om mense na jou spesiale donkietoevlugsoord te nooi. Onthou om te meld watter dae en watter tye die toevlugsoord oop is.

